higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N620**(A)**(M27)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

KUNSGESKIEDENIS N5

(3050555)

27 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KUNSGESKIEDENIS N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

1. Beantwoord enige TWEE vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Gebruik ongeveer 35 minute vir elke vraag en vyf minute vir deurlees.
6. Gebruik die puntetoekenning as ’n riglyn vir die lengte van die antwoorde.
7. Begin elke afdeling op ’n NUWE bladsy.
8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1: ONTLEDING VAN KUNSWERKE

1.1 Bestudeer die onderstaande illustrasie en beantwoord die vrae.



ILLUSTRASIE A

[Bron: *https://nladesignvisual.wordpress.com/2013/01/19/visual-theory-gerard-sekoto/]*
Gerard Sekoto, *Prayer in Church*, olie op doek, 1945–1947

1.1.1 Is hierdie kunswerk naturalisties, gestileerd, figuratief of geïdealiseerd? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1 + 1) (2)

1.1.2 Wat is die fokuspunt in hierdie skildery? Staaf jou antwoord. (1 + 3) (3)

1.1.3 Bespreek die kunstenaar se gebruik van kleur en die relevansie daarvan met betrekking tot die onderwerp. (5)

1.2 Bestudeer ILLUSTRASIES B en C en beantwoord die vrae.



ILLUSTRASIE B

[Bron: *https://za.pinterest.com/explore/portrait-photography-inspiration]*



ILLUSTRASIE C

[Bron: *https://www.henrimatisse.org/green-stripe.jsp*]
Henri Matisse, *Green Stripe – Madame Matisse,* olie op doek, 1905

1.2.1 Vergelyk die swart-en-wit foto in ILLUSTRASIE B met die olieverfportret in ILLUSTRASIE C aan die hand van die volgende:

(a) Medium en tegniek (4)

(b) Tonale waarde en kontras (4)

1.2.2 Waarom dink jy het die kunstenaar verkies om sy vrou se portret in hierdie betrokke kleure te skilder? (2)

1.3 Bestudeer ILLUSTRASIE D.



ILLUSTRASIE D

[Bron: *https://www.belvedere.at/gustav-klimt*]
Gustav Klimt, *The Kiss*, bladgoud en olieverf, 1907–08

1.3.1 Watter stemming word in hierdie werk uitgebeeld? (1)

1.3.2 Hoe het die kunstenaar die stemming in VRAAG 1.3.1 verkry? (3)

1.3.3 Die kunstenaar het opsetlik simboliek gebruik om sy werk te verbeter.

Hoe het hy dit gedoen? (3)

1.3.4 Wat is jou interpretasie van hierdie skildery? Staaf jou antwoord. (3)

Kopiereg voorbehou

1.4 Bestudeer ILLUSTRASIE E.



ILLUSTRASIE E

[Bron: *https://www.pablopicasso.org/avignon.jsp*]
Pablo Picasso, *Les Demoiselles dAvignon*, olieverfskildery 1907

1.4.1 Bespreek die gebruik van perspektief in hierdie kunswerk en gee redes vir die antwoord. (4)

1.4.2 Verduidelik hoe die gebruik van kleur tot die betekenis van die skildery bydra. (4)

1.4.3 Wat is die rol van die stillewe in die middel onder op die skildery? (2)
[40]

EN/OF

VRAAG 2

By die beantwoording van VRAAG 2 moet die kandidaat tussen VRAAG 2.1 en VRAAG 2.2 kies.

2.1 PREHISTORIESE KUNS

2.1.1 Die godsdienstige en mitologiese oortuigings van die prehistoriese mens het 'n belangrike rol in hul lewens gespeel.

(a) Noem VYF mitologiese oortuigings van die prehistoriese mens. (10)

(b) Bespreek EEN kunswerk wat hierdie oortuigings illustreer. (6)

2.1.2 Definieer elk van die volgende:

(a) teriantroop

(b) Sjamaan

(c) Wet van ooreenkoms

(d) polisemie

(e) polichromie

(5 × 2) (10)

2.1.3 Noem en beskryf die DRIE tipes tegnieke wat gebruik word om graveerkuns te skep. (9)

2.1.4 Beskryf EEN voorbeeld van 'n petroglief/rotstekening. Sluit die volgende inligting by jou antwoord in:

- Naam van kunswerk
- Onderwerp
- Tegniek (5)

[40]

OF

2.2 VROEË TRADISIONELE SUID-AFRIKAANSE KUNS

Bespreek minstens TWEE werke deur enige Suid-Afrikaanse kunstenaar wat jy bestudeer het. Sluit die volgende by jou bespreking in:

- Naam van die kunstenaar en titel van die werk
- Onderwerp
- Stilistiese eienskappe en tegniek
- Relevansie van die werk

[40]

Kopiereg voorbehou

EN/OF

VRAAG 3: HINDOE- EN ISLAMITIESE KUNS

Kies Hindoe-kuns OF Islamitiese kuns en beantwoord die volgende vrae:

3.1 Bespreek die kenmerke van die argitektuur van jou keuse deur na ’n gebou in Suid-Afrika te verwys wat vir godsdienstige doeleindes gebruik word. (15)

3.2 Bespreek die invloed van godsdiens op die kunswerk. (15)

3.3 Ontleed breedvoerig EEN beeldhouwerk of skildery van die kuns wat jy gekies het. Sluit tegniek en gebruik van kleur in die ontleding in. (10)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 4: ANTIEKE/OUD-EGIPTIESE KUNS

4.1 Gee die korrekte terminologie vir elk van die volgende:

4.1.1 Geloof in baie gode

4.1.2 Sleutel van die lewe

4.1.3 Ovaal naamplaat vir die farao

4.1.4 Opvolging van heersers uit een familie

4.1.5 Hoof van ’n farao en liggaam van ’n leeu

(5 × 2) (10)

4.2 Definieer elk van die volgende terme:

4.2.1 Delta

4.2.2 Skriba

4.2.3 Antropomorfies

4.2.4 Ka

4.2.5 Stele

(5 × 2) (10)

4.3 Watter faktore het daartoe bygedra dat die kunswerk van antieke Egiptenare stilisties vir byna 3 000 jaar onveranderd gebly het? (4)

4.4 Waarom was die ontdekking van die Rosettasteen so belangrik? (3)

4.5 Bespreek die materiale wat gebruik is om beeldhouwerke te skep asook die redes vir die keuse. (3)

4.6 Ontleed 'n reliëfbeeldhouwerk of -skildery van antieke Egipte. (10)
[40]

EN/OF

VRAAG 5: ANTIEKE/OU GRIEKSE KUNS

5.1 Definieer elk van die volgende terme:

5.1.1 Krater

5.1.2 Entablement

5.1.3 Fries

5.1.4 Naos

5.1.5 Ordes

(5 × 2) (10)

5.2 Bespreek die kenmerke van argitektuur in antieke Griekeland deur na die Parthenon te verwys. (10)

5.3 Ontleed enige TWEE Griekse beeldhouwerke van jou keuse. Sluit die materiale en tegnieke wat gebruik is by jou antwoord in. (2 × 10) (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 6: ANTIEKE/OUD-ROMEINSE EN VROEË CHRISTELIKE KUNS

6.1 Bespreek die argitektuur en ingenieurswese van geboue in antieke Rome met verwysing na die innoverende konstruksiemetodes wat in daardie tyd gebruik is. Sluit 'n voorbeeld by die bespreking in. (25)

6.2 Bespreek die sekulêre en funksionele rol wat kuns gespeel het deur te verwys na 'n voorbeeld wat jy bestudeer het. (15)
[40]

EN/OF

VRAAG 7: MIDDELEEUSE KUNS (ROMAANS EN GOTIES)

7.1 Definieer elk van die volgende begrippe:

7.1.1 Stutmuur

7.1.2 Pelgrimstog

7.1.3 Illuminasie

7.1.4 Ikons

7.1.5 Drakekopspuier

(5 × 2) (10)

7.2 Bespreek die innoverende gebruik van gebrandskilderde vensters in katedrale. Verwys na die temas wat gebruik is, die doel asook die tegniek. (10)

7.3 Verwys na EEN katedraal uit óf Gotiese óf Romaanse kuns en bespreek die stilistiese kenmerke van sy argitektuur. (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 8: RENAISSANCE-KUNS

8.1 Verduidelik elk van die volgende:

8.1.1 Chiaroscuro (2)

8.1.2 Idealisering (3)

8.1.3 Humanisme (2)

8.1.4 Quattrocento (1)

8.1.5 Avant-garde (2)

8.2 Noem die kenmerke van die Hoog-Renaissance. Bespreek ook die uitwerking wat hierdie kenmerke op die kunswerk van hierdie periode gehad het. (10)

8.3 Verwys na EEN skildery uit die Proto-Renaissance of Vroeg-Renaissance wat die kunstenaars uit die Hoog-Renaissance beïnvloed het. (5)

Kopiereg voorbehou

8.4 Michelangelo was ’n skilder en beeldhouer bekend vir sy briljantheid in die skepping van werke wat ’n emosionele reaksie ontlok het en ’n uitsonderlike begrip van die menslike liggaam getoon het.

Bespreek hierdie stelling deur na minstens TWEE van sy werke te verwys. (15)
[40]

EN/OF

VRAAG 9: BAROKKUNS

9.1 Bespreek die godsdienstige, politieke of enige ander faktore wat die Baroktydperk beïnvloed het. (10)

9.2 Wat is die betekenis van die term *barok*? Waarom dink jy dit is ’n toepaslike of ontoepaslike naam? (5)

9.3 Vergelyk die manier waarop mense in Barokkuns in vergelyking met Renaissance-kuns uitgebeeld is. (5)

9.4 Bespreek die werk van TWEE kunstenaars wat die kenmerke van hierdie tydperk die beste verteenwoordig. (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 10: ROMANTIESE KUNS, NEOKLASSISISME EN REALISME

Kies EEN van die bostaande bewegings en beantwoord die vrae.

10.1 Bespreek die sosiaal-politiese faktore wat die kunswerk van hierdie tydperk beïnvloed het. (10)

10.2 Ontleed TWEE kunswerke wat verband hou met die kenmerke van jou gekose beweging. Besin oor die volgende:

- Komposisie
- Kleur en tegniek
- Invloede deur ander kunstenaars (30)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou